# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (3-7 Augustus 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Waar het jy al beleef dat liefde vir (of van) die vyand 'n groot verskil gemaak het?

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Matteus 5:38-48 (In Matteus 5:21-48 vind ons 6 teenstellings wat Jesus maak: "Julle het gehoor, maar Ek sê vir julle…" Hierdie is die vyfde en sesde van Jesus se teenstellings.)

**Tema:** Ons vyand moet die beste in ons uitbring.

## Gespreksvrae:

1. As jy aan die woord "vyand" dink, wie kom eerste by jou op? Dit hoef nie iemand te wees wat jou haat (of jy dalk vir hom/haar) nie, maar iemand wat jou diep seergemaak, teleurgestel of onreg aangedoen het. Watter emosies wek daardie persoon steeds by jou? Bring hy/sy die beste of slegste in jou uit?
2. Bespreek die volgende aanhaling en hoe dit van toepassing is op hierdie gedeelte: "The very essence of Christian conduct is that it does not consist in not doing bad things, but in actively doing good things." (Barclay)
3. Jesus vra nie net dat ons nie moet terugveg nie, maar dat ons ons vyande aktief moet liefhê. Wat is vir jou die grootste verskil tussen iemand vergewe, iemand liefhê, en weer iemand vertrou? Kan 'n mens die eerste twee doen sonder die derde?
4. Ons leef in 'n samelewing waar geweld, haat en vergelding al hoe meer genormaliseer word – op sosiale media, in politiek, op die paaie en selfs in families. Waar sien jy hierdie "geweldspiraal" die duidelikste, en hoe kan Christene dit prakties help verbreek?
5. Dink aan Jesus se woorde: "Bid vir dié wat julle vervolg." Hoe verander dit jou hart wanneer jy begin bid vir iemand wat jou seergemaak het? Het jy al so 'n ervaring gehad?
6. Hoe leef ons Jesus se opdrag uit sonder om mishandeling, misbruik of onreg goed te keur? Waar lê die balans tussen liefde en geregtigheid?

7. Jesus sê ons moet soos ons hemelse Vader, wat sy son laat opkom en dit laat reën oor goeies én slegtes, wees. Wie in jou lewe vind jy die moeilikste om met God se oë raak te sien en lief te hê? Hoe gaan jy dit regkry om volmaak, soos God, te kyk en lief te hê?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

As elke gelowige hierdie week doelbewus sou besluit om een daad van liefde teenoor 'n moeilike persoon te doen, hoe sou dit jou gesin, werkplek, buurt of gemeente kon verander? Watter konkrete stap nooi die Here jóú om hierdie week te neem?